

EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

In Suid-Afrika is beurtkrag al vir meer as 130 agtereenvolgende dae lank opgeskort (ten tye van hierdie skrywe) met Suid-Afrikane wat reeds sedert 26 Maart 2024 ononderbroke kragtoevoer geniet.

Dit sluit 94 dae van konstante kragtoevoer regdeur die winter in. Dit het tot só 'n mate verbeter dat die Goewerneur van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) in sy monetêre beleidskomitee (MBK)-verklaring op 18 Julie daarna verwys het: "Ons verwag 'n effense toename in groei oor die medium termyn te danke, onder andere, aan meer betroubare elektrisiteitsvoorsiening en verbeterende logistiek."


Die SARB het tydens dieselfde vergadering besluit om die repokoers onveranderd te laat op 8.25%. Vier lede was ten gunste hiervan, terwyl twee lede vir 'n koersverlaging van 25 basispunte gestem het. Die afname in inflasie en teleurstellende ekonomiese groei in Suid-Afrika het hier 'n rol gespeel.

Die Bank van Engeland het rentekoerse teen die einde van die maand verlaag, vanaf 'n 16-jaar hoogtepunt. Die stemming was net-net ten gunste van hierdie verlaging (5 teenoor 4) en koerse is met 25 basispunte na 5% verlaag. "Ons moet seker maak dat inflasie laag bly en dus versigtig wees om rentekoerse nie te vinnig of te veel te verlaag nie," het Goewerneur Andrew Bailey in 'n verklaring gesê. Die VK se Verbruikersprysinflasie het in Mei na die sentrale bank se teiken van 2% teruggekeer en was in Junie steeds daar. Dit het in Oktober 2022 'n astronomiese 11.1% bereik, die hoogste wat dit in meer as 40 jaar was.

Intussen het die Amerikaanse Federale Reserweraad (die Fed) gestem om die teikenband van die rentekoers op 5.25-5.50% te hou. Die Voorsitter, Jerome Powell, het egter genoem dat koerse moontlik in September reeds verlaag kan word indien die Amerikaanse ekonomie die verwagte roete gaan volg. "Indien ons inflasie daal ... min of meer in lyn met verwagtinge, groei redelik sterk bly en die arbeidsmark konsekwent met huidige omstandighede bly, reken ek sal 'n koersverlaging moontlik op die agenda van die September-vergadering wees," voer Powell aan.

Rates and inflation

The Federal Reserve has raised its policy interest rate by 5.25 percentage points since March 2022. It is now substantially above all main U.S. inflation measures, most notably versus the PCE Index used by the Fed to set its inflation target.



Note: CPI = Consumer Price Index; PCE = Personal Consumption Expenditures Price Index; Core = excluding food and energy; Fed funds = Fed policy rate
Source: Federal Reserve (funds rate and target); Bureau of Labor Statistics (CPI); Bureau of Economic Analysis (PCE); inflation rates are annual

Bron: Reuters

In ander dele van die wêreld het Suid-Korea se jaar-tot-jaar inflasie in Julie gestyg met 2.6%, na dit by 'n 11-maande laagtepunt van 2.4% in Junie gedraai het. Volgens Statistiek Kanada het Kanada se bruto binnelandse produk in die tweede kwartaal van 2024 waarskynlik met 2.2% gestyg, en daarmee die Bank van Kanada se vooruitskatting oorskry. Laastens het die Bank van Japan rentekoerse na die hoogste vlakke sedert 2008 verhoog met die korttermyn-beleidskoers nou op 0.25%, na dit voorheen 0-0.1% was.

In 'n jaar waar groot dele van die wêreld by hul land se stembusse gaan toustaan (of reeds het), het 'n los alliansie van linkse partye die meeste setels in die Franse wetgewende verkiesing gewen na 'n tweede stemronde. Alhoewel die koalisie daarin geslaag het om Frankryk se ver-regses in hierdie verkiesing uit die magposisies te hou, het geen enkele politieke party of alliansie van partye 'n duidelike meerderheid gewen nie. Dit het hoop in die president se kamp laat opflikker dat – alhoewel hulle vroeër dié somer in 'n wetgewende verkiesing teen linksgesinde koalisie verloor het – Macron se party steeds triomfantlik kan wees en kans staan om Frankryk se volgende regering te lei. Die afgelope paar weke was hul aandag waarskynlik eerder by die Olimpiese Spele.



MARKPRESTASIE

Globale aandele het met 'n verdere 1.6% gegroei in Amerikaanse dollar-terme, maar daar is tekens dat die einde van hierdie tydperk van sterk groei in sig is.

Volgens Visio Capital sal ekonomiese groei waarskynlik begin afneem en lyk aandeelwaardasies meestal oordrewe. Globale effekte (1.8%) het 'n bietjie meer as hul meer riskante eweknieë gegroei met meer sentrale banke wat beleidskoerse in die nabye toekoms waarskynlik sal begin verlaag namate inflasie wêreldwyd begin afneem.

Plaaslike bates het beter as hul globale eweknieë gevaar met aandele (3.9%) wat 'n sterker maand as beide die breë ontwikkelde mark én ontluikende mark-indeks agter die rug het. Suid-Afrikaanse aandele het gebaat by die sterk prestasie van rentekoerssensitiewe sektore soos verbruikersgoedere (7.2% op), banke (6.1% op) en ander finansiële sektore (5.2% op). Effekte het ook nie op hul louere gerus nie en die Indeks van alle effekte het in Julie met 4% gegroei. Die verkiesingsuitslae se positiewe impak op effekte sal nou begin afneem, tensy die nuwe regering hul doeltreffendheid kan begin bewys.

Na 'n goeie lopiese in Junie, het die rand in Julie met 'n verdere 0.4% versterk. Dit kan egter eerder aan 'n swakker Amerikaanse dollar toegeskryf word aangesien die dollar teenoor beide die euro én die pond Sterling verswak het.

Goud het in Julie met meer as 4% gestyg, terwyl Brent ru-olie sy verdienste van Junie weer afgestaan het deur met meer as 6% in Amerikaanse dollar-terme te val.

MARKINDEKSE ¹	30 JULIE 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	9.2%	9.0%	12.0%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	12.4%	24.4%	-1.3%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	10.2%	15.6%	8.8%
SA kontant (STeFI)	2.1%	8.5%	6.1%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	4.9%	21.6%	18.4%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	1.4%	9.1%	9.1%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	0.7%	5.4%	3.6%
Rand/dollar ³	-3.4%	2.3%	5.1%
Rand/sterling	-0.9%	2.1%	6.1%
Rand/euro	-2.3%	0.4%	4.5%
Goudprys (USD)	5.9%	23.1%	11.2%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	-8.1%	-5.7%	4.4%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

MET MASJIENE AAN DIE STUUR

Daar is die afgelope tyd soveel geskryf oor die opgang en ontwikkeling van kunsmatige intelligensie (KI) en die stryd tussen KI en menslike intelligensie om “die beste te wees” of om “oor te neem”. Die belangrikste vraag is egter nie watter een beter is nie, maar eerder hoe die twee optimaal kan saamwerk om beter keuses te maak.

Die voorbeeld van Air France se vlug 447 beklemtoon weereens dat die regte vraag nie is of mense of KI beter is nie. Trouens, die gevolge van die verkeerde vrae is rampspoedig.

Sommige lesers mag dalk die tragiese ongeluk van 1 Junie 2009 onthou toe die vlug van Rio de Janeiro in Brasilië na Parys in Frankryk in die Atlantiese Oseaan geval het. Die ongeluk is deur inkonsekvente lugspoedlesings veroorsaak wat gelei het tot 'n aerodinamiese stilstand as gevolg van 'n vlieëniersfout. Die tegnologie op hierdie Airbus A330 was aan die voerpunt van die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie en kon, onder ideale omstandighede, die vliegtuig al die pad van vertrek tot aankoms self gevlieg het. Ongelukkig was omstandighede nie ideaal nie en die kombinasie van mens en KI kon nie die foute in die lugspoedmetingstoerusting hanteer nie. Die res is, ongelukkig, geskiedenis.

Die grootste deel van die romp van die vliegtuig wat al die vuginligting en kajuitstemopnames (die sogenaamde swartbokse) bevat het, is byna twee

jaar later eers gevind. Die finale verslag na die analise van die opgeneemde inligting het die rol van beide tegniese én menslike foute uitgelig. Albei hierdie besluitnemingstelsels (menslik en KI) was meer afhanklik van die ander een as wat dit moes wees.

Sedert die tragiese ongeluk van Junie 2009, het talle studies die interaksie tussen menslike en kunsmatige intelligensie in terme van besluitneming ondersoek. In een so 'n studie deur Fabrizio Dell'Acqua van die Harvard Besigheidskool, het werwingsagentskappe gewerk met óf “laer-gehalte” óf “hoër-gehalte” KI om potensiële kandidate uit 'n groep Curriculum Vitaes wat as werksaansoeke ingedien is, te kies. Die interessante gevolgtrekking was dat werwingsagentskappe wat met laer-gehalte KI gewerk het (maar daarvan bewus was), beter besluite geneem het as dié wat met hoër-gehalte KI gewerk het en dus meer geneig was om die besluitneming aan die masjiene oor te laat.

Die outeur noem dat “namate KI se prestasie verbeter, word die persoon in beheer al meer geneig om te delegeer. As die KI se prestasie té goed is, is die risiko daar dat werkers sal 'slaap agter die stuur' en blindelings die aanbevelings van die KI sal volg sonder om werklik daarvoor te dink. In sulke omstandighede vereis die heel beste gekombineerde menslike/KI-prestasie dat die gehalte van KI teenoor die potensiële negatiewe impak op die gehalte van die persoon se werk opgeweeg word.

Een van die kenmerke van masjieneleer is dat die gehalte van leer met die gehalte van data ooreenstem. Wanneer dit dus gekonfronteer word met 'n situasie wat dit nog nie tevore teëgekomp het nie (met ander woorde dit is nie in die data nie), kan die resultate rampspoedig wees, soos in die geval van AF447.

Die beleggingswêreld het sy eie kompleksiteit en onvoorspelbaarhede wat in baie opsigte van dié in lugvaart ingenieurswese of menslike hulpbronbestuur verskil. Dit is egter waarskynlik dat masjiene (in die algemeen) nie beter (of slegter) as mense vaar as dit by beleggingsbesluite kom nie. En, soos ons hierbo geleer het, kan masjiene nie rampe voorkom wanneer hulle aan hul eie genade oorgelaat word nie. Dit is wanneer hierdie twee wêreldes saamkom en wanneer mense verstaan wat KI kan en nie kan doen nie, dat besluitneming waarskynlik sal verbeter en, daarmee saam, beleggingsresultate ook.

So, wat dink ons kubervriende hieroor? Toe ons 'n KI-kletsbot vra of dit mense se werke gaan vervang, was die antwoord dat “KI dalk sommige menslike take kan vervang, maar dit nie mense wat met KI werk, sal vervang nie.”

Bron: Cautionary Tales (Podcast) deur Tim Harford; Falling Asleep at the Wheel: Human/AI Collaboration in a Field Experiment on HR Recruiters deur Fabrizio Dell'Acqua, Laboratory for Innovation Science, Harvard Business School; Microsoft Copilot

Disclaimer

For internal use only. The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities (“CIS”) are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance.

Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.

Financial Services Providers: Portfolio Analytics Consulting (Pty) Ltd; FSP No 18490 and Analytics Consulting 1 (Pty) Ltd; FSP No 47564; Tel: (021) 936 9500; Website: www.analyticsconsulting.co.za